

25 Maart

1 Tessalonisense 2:13-16
Fokusgedeelte: 1 Tessalonisense 2:13b
HK, Vraag 84

Die werkende Woord

In die hart van die mens leef deur alle eeue 'n groot strydvraag: Is die Bybel God se Woord wat die volle waarheid is ... of is dit maar mensewoord of volkskultuur?

Die vyande van God en sy kerk verklaar onomwonde: die Bybel is mensewoorde. Daarop reageer die apostel Paulus in ons teksgedeelte: Nee! Die evangelie is inderdaad God se Woord, want "die uitwerking daarvan op julle wat glo, bewys dit!" (vgl. vers 13b.) Die Bybelse evangelie het dus 'n uitwerking op mense – dit verklaar ons belydenis dan ook in Sondag 31:84, naamlik dat die evangelie geloof, bekering en aanvaarding van die vergewing van sondes teweegbring.

Sien u? God se Woord as die sleutel van die koninkryk van die hemel wérk!! Mensewoorde is nietiger as die ydelheid self. Maar Gods se Woord ... die Bybel ... die evangelie werk en die "stem" van God is magtig! Die Woord keer nóóit ledig na Hom terug nie. God se Woord is vol energie! Die Bybel is vol bruisende lewensdrang wat brand en vonk en aan die brand steek. Dit ontplof soos 'n bom in 'n loopgraaf. Natúúrlik, want die verkondiging van die evangelie is 'n sleutel wat vir mense die hemel oop- of toesluit.

Géén mens wat die evangelie hoor sal óóit weer dieselfde wees nie. Jy kan die evangelie nie afskud soos jy 'n druppel water van jou hande afskud nie. Dit gryp jou en bring geloof en aanvaarding, óf dit laat jou kouer en kouer word. Daarom dat Paulus in ons teksgedeelte sê dat die evangelie 'n "uitwerking" het. Dit het 'n lewendmakende uitwerking tot geloof, bekering, genade en Goddelike liefde, óf dit sny soos 'n tweesnydende swaard weg en bring skeiding tot op die been toe.

Mag u ook vandag die werkende krag van die evangelie beleef – tot troos, vrede en genade in God.

Sing: Psalm 33:5

Ds. NW Ligthelm (Pretoria-Alkantrant)

~~~~~